**Maandag 17 Julie**
**Skrifgedeelte: Psalm 103**
**Fokusgedeelte: Psalm 103:12**
**God se genade is onmeetbaar groot**

Die gelowige Dawid moes diep nagedink het voordat die Heilige Gees hom die woorde van ons fokusvers laat opteken het. Dit handel immers oor iets wat nie gemeet of bereken kan word nie, oor God wat jou sondes só ver van jou af wegneem dat dit vir altyd weg is. En toe het hy geskryf: “So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.”

Al reis jy jou lewe lank in ’n oostelike rigting, sal jy nooit by ’n plek uitkom waarvan jy sal kan sê dat jy ’n eindpunt bereik het nie. Oos lê altyd verder. En dieselfde as jy in ’n westelike rigting reis. Die bedoeling is dus dat die afstand tussen oos en wes nie gemeet kan word nie, dat dit oneindig is.

Dawid, die man wie se naam bokant hierdie psalm geskrywe staan, het uit persoonlike ervaring gepraat. Hy het hom aan gruwelike sondes in sy lewe skuldig gemaak, selfs aan egbreuk en moord, en het self by geleentheid gesê: “Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het” (Ps. 51:7).

Wat ’n wonderlike genade dat juis so ’n persoon wat self erken het dat hy goddelose dinge in sy lewe gedoen het en dat hy deur en deur skuldig is, kon sê: “So ver as wat die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.”

Gryp gelowig daaraan vas as jou gewete jou aankla of as jy bang is om met jou sondelas voor God te verskyn. In Christus is God se genade onmeetbaar groot. Wat Hy vergewe het, is vir altyd weg.

*Sing: Psalm 103-1:2, 6*

*Ds CJH Breed (Casper) (emeritus)*